



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **DRAMATIESE KUNSTE**

### **RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE**

#### **GRAAD 12**

**2025**

**Hierdie riglyne bestaan uit 34 bladsye.  
Hierdie riglyne moet in volkleur gedruk word.**

**INHOUDSOPGAWE**

	<b>Bladsy</b>
<b>1. INLEIDING</b>	<b>3</b>
<b>2. RIGLYNE</b>	<b>3</b>
2.1 Algemeen	3
2.2 Doelwitte	4
2.3 Praktiese assesseringstake in die Jaarlikse Assesseringsprogram	4
2.4 Afdelings van die PAT'e	5
2.5 Hoe om die PAT'e te administreer	8
2.6 Hoe om die PAT'e na te sien/te assesseer	9
2.7 Moderering van die PAT'e	10
2.8 Afwesigheid of nie-inlewering van PAT'e	12
2.9 Vereistes vir die aanbieding van die PAT'e	12
2.10 Tydraamwerke	12
2.11 Verklaring van Egtheid	13
<b>3. HULPBRONNE</b>	<b>14</b>
3.1 Menslike hulpbronne	14
3.2 LOOM ('LTSM'): Toerusting en geriewe	15
3.3 LOOM ('LTSM'): Verwysings	15
<b>4. ARTIKULASIE MET AOO ('GET')</b>	<b>16</b>
<b>5. ROOSTER</b>	<b>16</b>
<b>6. BYLAES</b>	<b>16</b>
<b>7. GEVOLGTREKKING</b>	<b>17</b>
<b>BYLAES 1–29:</b>	<b>18</b>

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoevoegingstechnologie, Inligtingstechnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n PAT is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied aan leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoer van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. RIGLYNE

Die inligting in die PAT-riglyne is gemik op die vlak van 'n onderwyser wat gekwalifiseer is.

Al die inligting in hierdie riglyne is op die volgende amptelike dokumente/prosesse gebaseer:

- Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring (KABV, Aangepaste Hoofstuk 4). Beskikbaar op Thutong (die DBE-webtuiste).
- Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring (KABV, Aangepaste Hoofstuk 4). Beskikbaar op Thutong.
  - DBE: Riglyne oor die Gehalteversekering van Skoolgebaseerde Assessering (SGA) vir graad 10 tot 12. Beskikbaar op Thutong.
- Moderering: kort verduideliking in hierdie dokument onder opskrif 2.7
  - DBE: Die *Nasionale Protokol vir Assessering (NPA)*. Beskikbaar op Thutong.
- *Nasionale Beleid met Betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NBBBV/'NPPPR')*, Graad R–12. Beskikbaar op Thutong.

### 2.1 Algemeen

Die Jaarlikse Assesseringsprogram vir die vak Dramatiese Kunste stipuleer dat DRIE PAT'e voltooi moet word. Dit beteken EEN PAT per kwartaal vir Kwartaal 1, 2 en 3. Dit is beleid en onderwysers mag nie die getal PAT'e verminder nie. Maak seker dat jy, as die onderwyser, 'n duidelike begrip van al vier KABV- breë onderwerpe en die verwante onderwerpe het wanneer jy die PAT'e voorberei, opstel, implementeer en nasien. Al drie PAT'e bevat twee afdelings: 'n Geskrewe Afdeling en 'n Opvoerafdeling.

## 2.2 Doelwitte

Beide die Geskrewe Afdeling en die Opvoerafdeling het die volgende doelwitte:

- Verseker dat effektiewe onderrig, leer en assessering plaasgevind het. Die formele assessering van die PAT'e is slegs die eindpunt van 'n lang proses wat op onderrig en aktiewe leer gebaseer is.
- Lei leerders deur 'n akademiese, teoretiese, konseptuele, tegniese en praktiese vaardighedsproses om hulle in staat te stel om teorie en praktyk op 'n betekenisvolle wyse te integreer.
- Bied die geleentheid om 'n gevarieerde teoretiese en praktiese repertoire ten opsigte van proses en produk op te bou.
- Berei die leerders vir die komplekse kognitiewe en abstrakte teoretiese en opvoervereistes vir die middel-van-die-jaar-, proef- en jaareindeksamen voor.
  - Vraestel 1: Geskrewe Eksamen
  - Vraestel 2: Opvoereksamen: Tema-/Oudisie- of Tegniese Program

## 2.3 Praktiese assesseringstake in die Jaarlikse Assesseringsprogram

JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM: GRAAD 10 EN 11			
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
<b>Taak 1:</b> <b>Praktiese Assesseringstaak</b> • Geskrewe Afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	<b>Taak 3:</b> <b>Praktiese Assesseringstaak</b> • Geskrewe Afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	<b>Taak 6:</b> <b>Praktiese Assesseringstaak</b> • Geskrewe Afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	<b>Taak 8:</b> <b>Graad 10 en 11</b> <b>Jaareindeksamen</b> • Geskrewe eksamen (150)
<b>Taak 2</b> Kontroletoeets (50)	<b>Taak 4:</b> Middel-van-die-jaar- kontroletoeets/-eksamen (100)	<b>Taak 7:</b> Kontroletoeets (50)	<b>Taak 9:</b> <b>Graad 10 en 11</b> <b>Jaareindeksamen</b> • Opvoereksamen (150)
	<b>Taak 5:</b> Middel-van-die-jaar- opvoerkontroletoeets/ -eksamen (100)		

JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM: GRAAD 12			
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
<b>Taak 1:</b> <b>Praktiese Assesseringstaak</b> • Geskrewe Afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	<b>Taak 2</b> <b>Praktiese Assesseringstaak</b> • Geskrewe Afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	<b>Taak 5:</b> <b>Praktiese Assesseringstaak</b> • Geskrewe Afdeling (25) • Opvoerafdeling (25)	<b>NSS Finale Nasionale</b> <b>Eksterne Eksamen</b> Vraestel 1: Geskrewe eksamen (150)
<b>Taak 2</b> Kontroletoeets (50)	<b>Taak 3:</b> Middel-van-jaar- Geskrewe Eksamen (100)	<b>Taak 6:</b> Proefeksamen Geskrewe eksamen (150)	
	<b>Taak 4:</b> Middel-van-jaar- Opvoereksamen (100)	<b>Taak 7:</b> Proefeksamen Opvoereksamen (150)	
		<b>NSS Finale Nasionale</b> <b>Eksterne Eksamen</b> Vraestel 2: Opvoereksamen (150)	

## 2.4 Afdelings van die PAT'e

### AFDELING 1: GESKREWE JOERNAAL, OPSTEL EN NAVORSING

Die Geskrewe Afdeling bestaan uit 'n joernaal, 'n opstel en navorsing. Daar word van die leerders verwag om kognitiewe en konseptuele begrip te toon van die konsepte van die KABV- breë onderwerpe en onderwerpe waarop die Geskrewe Afdeling gebaseer is, asook van beplanning, besinning en rekordhoudingsvaardighede. Die joernaal, opstel en navorsing kan in enige van die drie kwartale gedoen word. Die onderwyser bepaal die beplanningsvolgorde volgens die leerders se behoeftes en kontekste.

- Die volgende inligting word vir elke jaar se PAT'e gestandaardiseer. Dit is om standaardisering in die nege provinsies te verseker, asook normbepaling van die uitkomst en kriteria vir 'n graad 12-vlak.
- Onderwysers se teiken moet kreatiewe en unieke aanbiedings/opvoerings wees; dit is nie die doel of omvang van hierdie riglyne om kreatiwiteit te onderrig of voor te skryf in die Geskrewe Afdeling nie. Hierdie dokument bevat slegs riglyne om die struktuur, formaat, ens. van die PAT'e te standaardiseer.
- Kreatiwiteit is elke onderwyser se verantwoordelikheid en vind in die lesplan, die onderrigmetodologie, assesseringspraktyke en klaskamers plaas.
- Die wenke hieronder moet gevolg word vir die PAT Geskrewe Afdeling se aanbiedingswyses vir 'n joernaal, opstel en navorsing.

JOERNAAL	OPSTEL	NAVORSING
<p>Hierdie PAT-afdeling kan in die vorm van 'n joernaal, collage, ens. wees. Bestudeer ook innoverende maniere om 'n joernaal te skryf, bv. 'n elektroniese joernaal, 'n blog. Fasiliteer die volgende prosesse met die leerders wanneer hulle in hulle joernale skryf:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Versamel</li> <li>2. Ontleed/Analiseer</li> <li>3. Vertolk</li> <li>4. Besin</li> <li>5. Aanbied</li> </ol> <p>Die joernaal moet inligting oor die leerder se persoonlike ontwikkelingsreis van praktiese vaardighede bevat. Leerders moet in staat wees om die geskrewe en praktiese onderrig in die klas aan te teken, kommentaar oor hulle leerproses te lewer, en besinning en refleksiwiteit te toon.</p> <p><b>LET WEL:</b> Gee aan leerders die opdrag om vakterminologie te gebruik.</p>	<p>Jy as die onderwyser moet teoretiese ondersteuningsmateriaal aan die leerders verskaf (handboeke, klasaantekeninge) om hulle opstelle te skryf. Hierdie PAT-afdeling moet opstelskryfvaardighede oefen ter voorbereiding van die opstelle in die geskrewe eksamen. Maak seker opstelle volg die basiese formaat van 'n opstel:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Inleiding</li> <li>2. Hoofdeel met kennis</li> <li>3. Gevolgtrekking</li> </ol>	<p>Maak seker die leerders versamel bykomende materiaal van buitebronne om onafhanklike navorsing te doen om hulle begrip van die klasonderrig en -leer te verryk. Onderwysers moet die navorsingsopdrag en -instruksies vir die navorsing met die leerders fasiliteer. Maak seker dat hulle na soveel bronne as moontlik kyk. Die internet is slegs een opsie en is nie altyd betroubaar nie. Maak seker dat die leerders ten alle tye eties in hulle navorsing is.</p> <p>Navorsing vereis:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gebruik van 'n verskeidenheid bronne</li> <li>2. Vergelyking</li> <li>3. Kontrastering</li> <li>4. Beklemtoning (Lig uit)</li> <li>5. Vind</li> <li>6. Aanbieding</li> </ol>

- Gebruik die *Riglyne vir Standaardisering vir 'n Joernaal, Opstel en Navorsing*, in die bylae-afdeling van die KABV, Aangepaste Hoofstuk 4, om seker te maak dat die korrekte formaat, lengte, inhoud, ens. vir die joernaal, opstel en navorsing in die nege provinsies toegepas word.

**AFDELING 2: OPVOERINGS**

- Die fokus van die Opvoerafdeling is om die praktiese vaardighede en tegnieke wat in die KABV- breë onderwerpe en onderwerpe voorgeskryf is, regdeur die jaar inkrementeel en siklies te ontwikkel. Die doel van die Opvoerafdeling/dramatiese items van die PAT'e is nie slegs om leerders in die aanbieding/opvoering van 'n gedig (poësie)/uittreksel, ens. te onderrig nie, maar ook om uiteindelik materiaal te verskaf vir die:
  1. Tema-program of
  2. Oudisie-program of
  3. Tegnieke Teater-program
- Die KABV stipuleer dat elke leerder drie dramatiese items in graad 10, 11 en 12 onderskeidelik moet voorberei en opvoer.
- Dit sal aan die einde van graad 12 aan die leerders 'n repertoire/versameling van nege dramatiese items gee.
- Die inligting word vir elke jaar se opvoering-PAT'e gestandaardiseer. Dit is om standaardisering in die nege provinsies te verseker, asook normbepaling van die uitkomst en kriteria vir 'n graad 12-vlak.
- Onderwysers se teiken moet kreatiewe en unieke aanbiedings/opvoerings wees.
- Net soos vir die Geskrewe Afdelings is die kreatiwiteit in die Opvoerafdeling elke onderwyser se verantwoordelikheid en vind plaas in die lesplan, die onderrigmetodologie, assesseringspraktyke en klaskamers.
- Die wenke hieronder moet vir die PAT Opvoerafdelings gevolg word.
- Leerders moet toegepaste bevoegdheid in die vorm van dramatiese items, soos 'n gedig, monoloog, prosa, toneel/uittreksel uit 'n gepubliseerde toneelstuk, fisieke teater, film, ontwerp, regie, verhoogbestuur, ens. toon.
- Soos deur die KABV vir die jaareindeksamen voorgeskryf, moet die dramatiese items kontrasterend wees, met variasie in die dramatiese vorm (item), styl, genre en dramatiese beweging. Een van hierdie dramatiese items moet 'n Suid-Afrikaanse Teater-item wees.
- Die KABV stipuleer dat die keuse van dramatiese items vir die PAT'e of die eksamens 'n monoloog, gedig, uittreksel/toneel, prosa, gedramatiseerde prosa, vertelkuns, koorspraak, inheemse drama, satiriese revue, fisieke teater, beweging of mimiek kan wees. Hierdie is slegs voorbeelde. Jy kan ander voorbeelde van dramatiese items gebruik, maar dit is noodsaaklik dat alle alternatiewe dramatiese items aan die KABV-kriteria en die vak Dramatiese Kunste voldoen.
- **'n Liedjie of dans mag NIE as 'n volledige dramatiese item gebruik word NIE. Hierdie items word in Dansstudies en Musiek geassesseer.** Liedjies en danse, kort en met betrekking tot die tema van die Tema-/Oudisieprogram, kan as die **voorgeskrewe skakels** tussen die drie dramatiese items gekies, gebruik word.
- **Genres/Dramatiese bewegings of dramatiese items:**  
Die KABV-beleid sê dat die voorgeskrewe getal van drie genres/style/bewegings vir graad 10, 11 en 12 gedek moet word. Dit sal die gevolg hê dat leerders 'n repertoire van nege verskillende dramatiese items sal hê om uit te kies vir hulle finale Tema-/Oudisieprogram
- Die provinsiale vakadviseurs/-koördineerders, ens. moet kurrikulumnaking in hierdie verband monitor.

'n Paar van die KABV-genres/-style/-bewegings is, byvoorbeeld:

- Graad 10:
  - Afrika-dramavorme
  - Commedia dell'arte
  - Griekse Teater

- Graad 11:
  - Suid-Afrikaanse Teater
  - Realisme in die Teater
  - Arm/Gestroopte Teater
  - Elizabethaanse Teater
  - Indiese Teater
- Graad 12:
  - Epiese Teater
  - Arm/Gestroopte Teater
  - Teater van die Absurde
  - Postmoderne Teater
- Alhoewel hierdie DBE-dokument PAT-riglyne is, is dit belangrik om te weet dat die finale doelwit van die drie PAT'e is om die volgende te skep:
  1. Temaprogram of
  2. Oudisieprogram of
  3. Tegnieise Program
- Hiermee, 'n kort beskrywing van die formaat van hierdie drie eksamenprogramme. Raadpleeg die KABV-dokument vir leiding oor die hele proses en die prosedures vir hierdie programme.

#### 1. **Temaprogram:**

- **Hierdie eksamen-opsie bestaan uit 'n groep leerders 'op die verhoog' en 'in opvoering' vir die duur van die hele program.**
- Wanneer 'n individuele leerder 'n monoloog of gedig aanbied, moet die ander leerders in die groep wat nie op daardie oomblik opvoer nie, op die verhoog bly, bv. in karakter, in 'n neutrale liggaamsposisie en gefokus, in 'n tableau of enige ander dramatiese tegniek wat die tema weerspieël en 'n deurlopende opvoering vir hulleself en die hele program handhaaf.
- Die onderwysers en leerders moet kreatiwiteit deur die aanwending van stem, liggaam, verbeelding, karakterisering, visualisering, beweging, blok, komposisie en opvoering van die dramatiese item toon.
- In 'n groepprogram moet elke individuele kandidaat ten minste een individuele dramatiese item aanbied en aan ten minste een groepsitem deelneem volgens die KABV.
- Verwys na die KABV vir 'n gedetailleerde verduideliking van die proses, produk en logistieke vereistes.

#### 2. **Oudisieprogram:**

- **Hierdie eksamen-opsie bestaan uit een leerder 'op die verhoog' en 'in opvoering' vir die duur van die hele program.**
- 'n Ander leerder of ander leerders sal vir die toneelitem by hierdie leerder aansluit.
- Die aansluiting moet nie die aaneenlopende opvoering van die drie dramatiese items onderbreek nie.
- **LET WEL:** Die Oudisieprogram is nie in die vorm van 'n Eisteddfod waarin 'n leerder een dramatiese item opvoer en die verhoog verlaat om later weer op die verhoog te kom om 'n ander item op te voer nie.
- Verwys na die KABV vir 'n gedetailleerde verduideliking van die proses, produk en logistieke vereistes.

**Tema- en Oudisieprogramme:**

- Om standaardisering en gelyke gewigswaardes in die vlakke van kompleksiteit tussen 'n Tema-program en Oudisieprogram te verseker, moet beide programme as 'n deurlopende opvoering aangebied word.
- Vir beide die Tema-/Oudisieprogramme moet relevante skakels tussen elke dramatiese item geskep word.
- Daar is geen onderbrekings tussen die drie dramatiese items nie.
- Die kandidaat/kandidate mag nie die verhoog/opvoerarea verlaat nadat elke item opgevoer is nie.
- Leerders moet demonstreeer dat hulle vir 'n ononderbroke minimum van 5 minute per kandidaat kan fokus en opvoer.
- Verwys na die KABV vir 'n gedetailleerde verduideliking van die proses, produk en logistieke vereistes.

**3. Tegniese Teaterprogram:**

- Die drie PAT'e en die eksamens in graad 10, 11 en 12 kan uit Verhoogbestuur, Regie, Filmverhoogbestuur, Filmvervaardiging, Ontwerp (inkleding/eienskappe/beligting/klank/kostuums/grimering) of Teaterskepping bestaan.
- Die bronmateriaal moet 'n gepubliseerde (geen geïmproviseerde items wat deur die leerders self geskryf is nie) dramatiese item wees om standaardisering in die nege provinsies asook die drie eksamen-opsies/-programme te verseker.
- Onderwysers wat nie 'n kwalifikasie in die Tegniese Teaterprogram-opsies het nie, moenie hierdie opsie probeer doen nie. Slegs onderwysers wat in Verhoogbestuur, Film, ens. gekwalifiseerd is, mag hierdie derde eksamen-opsie/-program kies.
- Verwys na die KABV vir 'n gedetailleerde verduideliking van die proses, produk en logistieke vereistes.

**2.5 Hoe om die PAT'e te administreer**

Onderwysers moet:

- Seker maak dat alle hulpbronne wat nodig is om die PAT'e te doen, beskikbaar is. Verwys na die Departement van Basiese Onderrig (DBE) se *Katalogus vir Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)* ('DBE Catalogue for Learning and Teaching Support Materials (LTSM)').
- Genoeg tyd op die rooster inruim vir leerders om die PAT'e te voltooi (kontaktyd gedurende en/of na skool)
- Seker maak hulle ONDERRIG elke KABV-onderwerp se konsep/vaardigheid en kenniskomponent deeglik. Fasiliteer 'n diepgaande LEER-proses vir elke leerder voordat die werklike assessering van die PAT'e plaasvind. Diepgaande leer verwys na die integrasie van al ses vlakke van Bloom/vyf vlakke van Dave se Taksonomie. Die vier Denkprosesse van Bloom moet ook toegepas word.
- Deeglik in lesplanontwerp en onderrig wees. Dit sluit die ontwerp van gedetailleerde instruksies, aktiwiteite en oefeninge in. Dit bevorder die opbou van denke, beplanning vir denke, assessering van denke oor inhoud, die erkenning van die denkvlak wat leerders demonstreeer.
- Relevant in lesplanontwerp en onderrig wees. 'n Relevante taak is wanneer leerders die verband tussen klaskamer kennis en situasies buite die klaskamer herken.
- Moniteer dat PAT'e volgens skedule tydens die onderrig- en leerprosesse plaasvind
- Informele deurlopende assessering doen – assessering vir leer
- Formele assessering volgens die Jaarlikse Assesseringsprogram voltooi; gebruik die rubrieke wat in die KABV-dokument verskaf word



- Die vakpuntelyste wat deur die provinsie verskaf word, voltooi
- Die skool se beleid oor die inlewering van punte volg
- Die lesplanne, die assesseringstake se opdragte en instruksies, asook die assesseringsinstrumente (rubrieke, nasienriglyne, kontrolelyste) vir die PAT'e, wat op die KABV-onderwerpe gebaseer is, in die lêer/Google Docs, ens. liasseer/veilig hou/oplaai, met die naam:  
**ONDERWYSERLÊER: LESBEPLANNING EN ASSESSERINGSTAKE**  
Hierdie lêer moet vir kluster-/provinsiale/DBE-/Umalusi-moderering beskikbaar wees.
- Die Opvoerafdelings van leerders se PAT'e op 'n gewone selfoon opneem en dit op 'n DVD/geheuestokkie/eksterne hardeskyf/Google-lêer/Google of Microsoft Cloud aflaai. Hierdie gestoorde bewyse moet vir kluster-/provinsiale/DBE-/Umalusi-moderering beskikbaar wees.
- Die leerders se voltooide assesseringsbewyse van beide die Opvoerafdeling (DVD's) en die Geskrewe Afdeling van die PAT'e stoor in die lêer met die naam:  
**LEERDERLÊER: BEWYSE VAN ASSESSERING**  
Hierdie lêer/Google Docs, ens. moet vir kluster-/provinsiale moderering beskikbaar wees.
- Al die leerders se bewyse van die Geskrewe Afdeling en Opvoerafdeling moet te alle tye beskikbaar wees en bly die eiendom van die Departement van Basiese Onderwys (DBE) totdat die finale uitslae vrygestel is. Die geskrewe bewyse van leerderassessering moet in 'n lêer gehou word. Elke leerder se drie PAT-opvoerings moet op DVD opgeneem en gestoor word. Opname met 'n selfoon is voldoende. Beide die geskrewe en opvoeringsbewyse moet in jou klaskamer/die skool se kluis toegesluit word. Dit is die skool se verantwoordelikheid.

## 2.6 Hoe om die PAT'e na te sien/te assesseer

Onderwysers moet seker maak dat die assessering/nasien van die PAT'e:

- 'n Maatstaf is van die bereiking van die inhoud van die KABV- breë onderwerpe en onderwerpe: konsepte/vaardighede/kennis, asook die teoretiese en opvoerkomponente van elke onderwerp
- Bepaal of die *Riglyne vir Standaardisering van die Geskrewe Afdelings* gevolg is
- Die relevante rubrieke vir die volgende gebruik:
  - Geskrewe Afdeling: rubrieke vir die joernaal, opstel en navorsing
  - Opvoerafdeling: individuele rubrieke vir 'n gedig, monoloog, prosa, beweging en uittreksel, asook rubrieke vir die ontwerp, regie, film- en verhoogbestuur
- Leerders se bewyse en opvoering teen die kriteria en vlakbeskrywers van die rubrieke meet
- Voldoen aan die volgende beginsels van:
  - **Regverdigheid:**  
'n Assessering moet alle leerders in staat stel om ewe goed te vaar en aan almal 'n gelyke geleentheid bied om die vaardighede en kennis wat geassesseer word, te toon. Regverdigheid kom in gedrang as vooroordeel in die taak of by die nasiener bestaan. 'n Taak is regverdig indien die inhoud, konteks en aanbiedingsverwagtinge kennis, vaardighede en ervarings weerspieël, wat ewe bekend en gepas vir alle leerders is. Dit moet toegang tot navorsing en hulpbronne insluit. Leerders van skole wat nie genoeg hulpbronne het nie, moenie benadeel word omdat sommige onderwysers beligting en stel gebruik en nasieners dit as meer kreatief beskou nie. Die maatstaf vir kreatiwiteit is die gebruik van die leerder se liggaam en stem, die gebruik van basiese ruimte, verbeelding en die teks (geskrewe/visueel of audio).

- **Betroubaarheid:**  
'n Assessering word as betroubaar beskou wanneer dieselfde uitslae verkry word, ongeag wanneer of waar die assessering plaasvind of wie dit nasien. Die KABV-onderwerpe en -rubrieke verskaf standaardisering en betroubaarheid.
- **Geldigheid:**  
'n Aanduiding van hoe goed 'n assessering meet wat dit veronderstel is om te meet.  
'n Geldige taak moet:
  - Op die KABV-onderwerpe gebaseer wees
  - Met gebruik van die relevante rubrieke nagesien word
  - Werklike kennis of prestasie weerspieël, nie toetskryfvaardighede en gememoriseerde feite nie
  - Leerders intrek en motiveer om na die beste van hulle vermoë te presteer
  - Ooreenkom met huidige opvoedkundige teorie en praktyk

## 2.7 Moderering van die PAT'e

- Dit is die verantwoordelikheid van elke provinsie en vakadviseur, en nie hierdie riglyne nie, om seker te maak dat alle onderwysers die prosesse, beginsels en protokolle van moderering verstaan. Verwys na die DBE se riglyne oor Gehalteversekering van SGA (PAT ingesluit).
- Dit is belangrik om duidelik te wees daarvoor dat die doel van moderering is om te fokus daarop of die KABV-onderwerpe (vaardighede, kennis en inhoud) ONDERRIG, GELEER en GEASSESEER is.
- Moderering is 'n gedeelde begrip van verskeie stappe, beginsels en prosesse. Maak jouself vertrouwd met die betekenis, doel en omvang van die volgende stappe/beginsels en prosesse:

### **Stap 1: Verifikasie**

Dit is 'n vinnige en kort eerste stap in die modereringsproses. 'n Kontrolelys word gebruik om af te merk watter items of bewyse, soos deur die beleid vereis, vir moderering ingelewer is.

### **Stap 2: Moderering**

'n Templaar moet gebruik word wat geskik is om die stappe en verspreiding van Bloom se Taksonomie se ses kognitiewe vlakke en vier denkprouesse en Dave se Taksonomie se vyf psigomotoriese prestasievlakke, soos op die KABV-onderwerpe toegepas, te ontleed. Let daarop dat Dave se Taksonomie nie in die KABV Aangepaste Hoofstuk 4 is nie; dit is in die DBE-eksamenriglyne. Die implementeringsdatum is tot Desember 2024 verleng. Amptenare moet seker maak dat moderering die volgende insluit:

#### 1. **Lesplanne:**

Is die lesplanaktiwiteite op die inhoud van die KABV-onderwerpe gebaseer?

#### 2. **Assesseringstaakplanne:**

Is die assesseringstaakaktiwiteite/-opdragte/-instruksies op die KABV-onderwerpe en die besondere lesplan gebaseer?

#### 3. **Leerderassesseringsbewys:**

Is die leerder se assesseringsbewys op die KABV en die besondere lesplan en die besondere assesseringstaak gebaseer?

**LET WEL:** Die dokumente/items/bewyse hierbo is nie burokratiese administratiewe oorlading nie. Dit is 'n globale maatstaf wat aandui of 'n onderwyser vir 'n les voorberei, 'n les aanbied, vir 'n assessering voorberei en 'n assessering administreer. Die leerder se assesseringsbewys is slegs dit – 'n bewys dat die leerder die assessering gedoen het.

- **Standaardvasstelling**

Interne standaardisering verskaf 'n stelsel vir die nagaan van die gehalte van assessering om seker te maak dit is:

- Geldig – relevant tot die standaard waarvoor bevoegdheid/bereiking beweer word
- Geloofwaardig – deur die leerders geproduseer
- Aktueel – onlangs genoeg sodat assessors vertrouwe sal hê dat die leerder steeds dieselfde vlak van vaardighede of kennis het
- Betroubaar – werklik verteenwoordigend van die leerder se kennis en vaardighede
- Voldoende – voldoen ten volle aan al die vereistes van die standaard

Dit is die proses waarin bepaal word of die minimum prestasievlakke wat vir elke graad/onderwerp vereis word, bereik is. Die prestasievlakke word bepaal deur:

- Die KABV-onderwerpe se vaardighede, kennis, inhoud en konsepte
- Ses kognitiewe vlakke van Bloom se Taksonomie
- Vier denkprosesse van Bloom se Taksonomie
- Vyf vlakke van psigomotoriese kompleksiteit van Dave se Taksonomie
- Die vak se drie moeilikheidsvlakke vir die inhoud, vaardighede en kennis

Bewyse hiervan kan gevind word in die instruksies, aktiwiteite, oefeninge, opdragte, ens. van die lesplanne, assesseringstaakplanne en leerder-assesseringsbewyse wat amptenare moet modereer. Dit moet duidelik wees wat leerders moet weet en in staat moet wees om te kan doen wanneer hulle elke vlak/onderwerp bereik het.

- **Gehalteversekering**

- Provinsiale amptenare moet verseker dat die modereringsprosesse gevolg word en as bewyse beskikbaar is.

- **Standaardisering**

Standaardisering is 'n proses wat regdeur die wêreld gebruik word om die effek van faktore buite die leerders se kennis en aanleg, op die leerders se prestasie te versag. Amptenare moet die modereringsbewyse gebruik om onderwysers te help om die KABV-onderwerpe se vaardighede, kennis, inhoud en konsepte te verstaan, interpreteer en implementeer.

- **Moderering:**

- Moet plaasvind elke keer as 'n PAT voltooi is
- Kontroleer dat assesseringtake en aktiwiteite leerders voorsien van regverdige en geldige geleenthede om aan die standaard en verwagtinge van die KABV te voldoen
- Erken die sterk punte in leerders se aanbiedings/opvoerings en planne om vaardighede en kennis te verbeter
- Gee terugvoering oor die onderwyser se bevoegdheid en oordeel (opstel en nasien van PAT'e) om onderrig te verbeter
- Verhoog standaard, verwagtinge en vlakke van konsekwentheid
- Verseker dat leer op die gepaste vlak is en dat leerders vaardighede vir leer, die lewe en werk ontwikkel
- Moet **intern op skoolvlak** deur 'n mede-onderwyser/departementshoof/skoolhoof voor die kluster-/provinsiale moderering gedoen word. Verwys na die bylae wat die interne modereringsinstrument bevat. Die voltooide instrument moet vir kluster-/provinsiale/nasionale moderering voorgelê word.
- Moet onderwysers by die modereringsproses betrek om professionele ontwikkeling te verseker
- Moet **ekstern op distriks- en provinsiale vlak** gedoen word

## 2.8 Afwesigheid of nie-inlewering van die PAT'e

Wanneer 'n leerder afwesig is of 'n taak nie by die onderwyser ingelewer is nie, moet die onderwyser 'n geldige mediese sertifikaat of 'n brief ter verduideliking van die afwesigheid bekom. Op die dag wanneer die leerder na die skool terugkeer, moet 'n ander sperdatum vir die inlewering of die opvoer van die PAT gestel word. Geen leerder mag nul vir die PAT kry nie. Die leerder moet die geleentheid kry om weer te probeer of weer in te lewer. Aangesien PAT'e intern opgestel en by die skool geassesseer word, kan tye verander word.

## 2.9 Vereistes vir die aanbieding van die PAT'e

Sien die lys van minimum hulpbronne, geriewe, toerusting, hulpbronne (LOOM), roosterbeplanning, ens. wat gereed moet wees voordat die PAT'e onderrig, geïmplementeer en geassesseer word. Hierdie hulpbronne moet aan die onderwyser en die leerders beskikbaar wees om die drie PAT'e te voltooi.

Die onderwyser moet 'n lesplan vir AL die onderwerpe wat deur 'n spesifieke PAT gedek word, opstel. Verder moet 'n duidelike assesseringsopdrag met gedetailleerde instruksies met die leerders bespreek word.

**LET WEL:** Suid-Afrika is 'n land met uiterstes in terme van sosio-ekonomiese kontekste. Baie mense is arm. Om hierdie ongelykheid uit te skakel en elke leerder 'n gelyke kans te gee om hulle volle potensiaal te bereik, toe te pas en te demonstreer, moet in gedagte gehou word dat die voorbereiding/opvoering en aanbieding van die PAT'e nie afhanklik is van die gebruik van kostuums, grimering, stelle, beligting, spesiale effekte, klank, ens. nie. Hierdie tegniese elemente word nie in die KABV of in die rubrieke voorgeskryf nie. Die nasien van die PAT'e moet dus nie hierdie aspekte meet nie. Die enigste uitsondering is die Tegniese Teaterprogram. Hou in gedagte dat hierdie opsie slegs aangebied mag word indien die onderwyser 'n kwalifikasie in Verhoogbestuur, Beligting-ontwerp, ens. het. Dit is, byvoorbeeld, nie om met beligting vir die skoolkonsert te werk nie.

## 2.10 Tydraamwerke

Onderwysers:

- Onderrig, administreer, assesseer, teken aan en rapporteer oor een PAT per Kwartaal 1, 2 en 3.
- Kommunikeer skriftelik oor die presiese datums vir die inlewering van geskrewe take en die opvoer van die dramatiese items.

Praktiese take word nie tot 'n eenmalige opvoering beperk nie. Die PAT-take (1, 3 en 5) kan 'n voorbereiding vir die middel-van-die-jaar, proef- en einde-van-die-jaar-geskrewe en opvoereksamens wees.

Integreer die teoretiese aspek van die PAT met die praktiese aspek. Leerders moet betrokke wees by die beplanning, voorbereiding, navorsing, die opbou van vaardighede en refleksie voordat hulle die opstel, navorsingstaak of opdrag inlewer.

Leerders moet opvoeringsitems repeteer totdat hulle dit vlot en met selfvertroue kan opvoer. Daar sal van leerders verwag word om prakties-gebaseerde vrae met gebruik van 'n teoretiese raamwerk in die finale geskrewe vraestel te beantwoord.

**2.11 Verklaring van Egtheid**

Met tegnologie wat maklik toeganklik is met inhoud waarmee plagiaat gepleeg kan word en vir die PAT'e gebruik kan word, is dit noodsaaklik, volgens beleid, dat elke leerder 'n Verklaring van Egtheid moet inlewer. Dit moet in die onderwyserlêer geliasseer word.

In die geval van 'n assessering-onreëlmatigheid moet hierdie verklaring aan die distrikkringbestuurder vir die nodige ondersoek oorhandig word.

<b>DRAMATIESE KUNSTE PAT 2025</b>	
Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en deur beide die leerder en die onderwyser onderteken word en MOET alle bewyse wat ingelewer word, dek.	
Leerder se naam en van:	Datum:
Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE alles my eie werk is en dat dit nie enige werk insluit wat deur iemand anders as ek voltooi is nie. Ek het hierdie take volgens instruksies en binne die voorgeskrewe tydsbeperkings voltooi.	
Leerder se handtekening:	Datum:
Onderwyser se bevestiging  Namens ..... (sentrumnaam) bevestig ek dat die bogenoemde leerder, sover my kennis strek, die enigste outeur van die voltooide werksopdrag (aangeheg) is en dat die assessering onder die vereiste omstandighede voltooi is.	
Onderwyser se handtekening:	Datum:
Skoolhoof se handtekening:	Datum:

### 3. HULPBRONNE

Die vak Dramatiese Kunste, soos ander vakke, vereis spesifieke hulpbronne sodat effektiewe onderrig, leer, aanbiedings en opvoerings behaal en uitgevoer kan word. Amptenare van die DBE het 'n verantwoordelikheid om te verseker dat daar 'n ingeligte en toegewyde benadering is en dat die minimum vereistes ingestel is om integriteit in die onderrig en leer van die vak te verseker.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie hulpbronne nie duur of uitspattig hoef te wees nie. Dit is net so belangrik dat, indien 'n skool nie in staat is om hierdie vakspesifieke hulpbronne te verskaf nie, die vak verkieslik nie aangebied moet word nie. Leerders sal benadeel word indien hulpbronne, soos die DBE-goedgekeurde handboek, die voorgeskrewe toneeltekste, stoele en 'n redelik funksionele ruimte/ lokaal vir praktiese werk, nie beskikbaar is nie. (Die DBE maak deur die jaarlikse norme en standaard voorsiening vir minimum hulpbronne wat vir al die vakke wat deur 'n skool aangebied word, aangekoop moet word. Die skoolbestuurskomitee of die ekwivalent van hierdie liggaam het die opdrag gekry om te verseker dat daar aan elke vak se behoeftes voldoen word.) Die vakadviseur en kringbestuurder vir die skool moet moniteer dat skole 'n begroting het om die betrokke LOOM te voorsien

Onderwysers moet in November/Desember van die vorige jaar verseker dat die volgende basiese hulpbronne vir 'n funksionele begin van die nuwe jaar in die Dramatiese Kunste-klaskamer beskikbaar is:

#### 3.1 Menslike hulpbronne

Slegs 'n onderwyser met 'n dramakwalifikasie mag die KABV en die besondere jaarlikse program van assessering, wat die drie PAT'e insluit, onderrig en assesser. 'n Onderwyser met gepaste kwalifikasies vir hierdie vak kan die volgende agtergrond hê:

- BA (Baccalaureus Artium) (Drama as hoofvak)
- BEd (Baccalaureus in Opvoedkunde) (Drama as hoofvak)
- Lisensiaat in Dramaonderrig, Trinity College
- Diploma van LAMDA
- Enige ander amptelike SAQA-geakkrediteerde kwalifikasie met 360 krediete in Drama
- Benewens al die bogenoemde, 'n eenjaar- nagraadse onderwysertifikaat (NGOS)

**Daar is baie Kuns-spesialiste op verskeie terreine in die samelewing. Vir die doel van die onderrig, leer en assessering van die Verdere Onderwys- en Opleidingsband (FET), graad 10, 11 en 12 in Dramatiese Kunste, is die volgende kwalifikasies NIE geskik vir die doel NIE:**

- Die Skeppende Kunste-onderwyser
- 'n Akteur/Aktrise
- 'n Drama-entoesias
- Die Engels-taalonderwyser
- Die Dansstudies-onderwyser

**LET WEL:** Indien 'n skool nie 'n gekwalifiseerde onderwyser het om Dramatiese Kunste te onderrig nie, mag die vak nie aangebied word nie. Die Skeppende Kunste-onderwyser of die Engels-taalonderwyser of 'n drama-entoesias is nie voldoende opgelei om moeilike konsepte, soos Jerzy Grotowski se toneelspeltegnieke of Teater van die Absurde, te onderrig nie.

### 3.2 LOOM ('LTSM'): Toerusting en geriewe

Leerders moet met die gebruik van ruimte/spasie, vlakke, ingange en uitgange eksperimenteer. Die volgende basiese items sal die geleentheid bied om leë spasies kreatief met stelstukke, ens. te vul:

- 'n Dubbele klaskamer of 'n oop ruimte
- 4 x houtblokke/kubusse/plastiekkrate/stoele of 'n alternatiewe bekostigbare ekwivalent
- 4 x plat skerms/hangende lappe/kartonbokse of 'n alternatiewe bekostigbare ekwivalent
- 4 x verhoogtrappe of 'n alternatiewe bekostigbare ekwivalent
- Tafels en stoele dien as dekorstukke
- Die volgende is nie vereistes nie, maar sal voordelig wees: 'n verhoog, beligting en klankgeriewe

**LET WEL:** Dramatiese Kunste assessee (benodig) nie die gebruik van ligte, kostuums en stel nie, behalwe as 'n leerder een van die Tegnie Programme, ens. kies. Daarom is dit nie nodig om hierdie tegniese items aan te koop nie.

### 3.3 LOOM ('LTSM'): Verwysings

- 1 x DBE-goedgekeurde handboek per leerder
- 1 x DBE-goedgekeurde handboek per Dramatiese Kunste-onderwyser
- 3 x toneeltekste, 1 vir elk van die genres gekies, 3 x per leerder
- Fotokopieë van enige van die bogenoemde is onwettig en kan skole blootstel aan hofgedinge deur uitgewers, handboekskrywers en dramaturge.
- 1 x werkboek per leerder
- 1 x lêer/boks vir die onderwyser om leerderassesseringsbewyse vir moderering veilig te bewaar
- 1 x swart T-hemp/gemaklike top en swart langbroek en skoene vir leerders se praktiese werk
- Uitstappies: 1 x per kwartaal na 'n professionele toneelstuk/drama
- Die volgende is nie 'n noodsaaklike vereiste nie, maar sal voordelig wees: 'n DVD-opname/YouTube-snit van 'n professionele verhoogopvoering van 'n toneeltekste in elk van die genres en dramatiese bewegings. Leerders moenie na aangepaste toneeltekste vir film kyk nie. Die voorgestelde toneeltekste vir graad 10 en 11 en voorgeskrewe toneeltekste vir graad 12 moet in die oorspronklike formaat gelees en gekyk word. Die leerders moet begrip en toegepaste vaardigheid in die verskillende KABV-genres/-style en -bewegings toon, bv.:
  - Commedia dell'arte, bv. *Scapino* deur Molière
  - Afrika-dramavorme, Afrika-mites of -vertelkuns, bv. *Have You Seen Zandile?* (as vertelkuns en nie as toneeltekste nie)
  - Griekse Teater, bv. *Antigone* deur Sophocles
  - Suid-Afrikaanse Teater, bv. enige werke/werkswinkeldramas
  - Elizabethaanse Teater, bv. *Romeo and Juliet* deur William Shakespeare
  - Realisme in die Teater, bv. *Hedda Gabler* deur Hendrik Ibsen
  - Epiese Teater, bv. *Kaukasiese Krytsirkel* deur Bertolt Brecht OF
  - Teater van die Absurde, bv. *Afspraak met Godot* deur Samuel Beckett OF
  - Postmoderne Teater, bv. *Top Girls* deur Carol Churchill OF
  - Suid-Afrikaanse Teater, Voor 1994, bv. *Woza Albert!* deur M Ngema, P Mtwa, B Simon
  - Suid-Afrikaanse Teater, Ná 1994, bv. *Mis* deur Reza de Wet

Die funksie van die PAT-riglyne is slegs dit: dit bevat riglyne. Dus word voorbeelde verskaf en die toneeltekste op die vorige bladsy is SLEGS voorbeelde. Die PAT-riglyne kan nie elke toneeltekste wat al ooit in 'n spesifieke genre/styl/beweging geskryf is, verskaf nie. Onderwysers moet hulle eie kennis toepas en 'n relevante dramateks kies wat die geskikste vir die KABV-beweging/-styl of -genre is. Hou ook elke skool en elke leerder se agtergrond en sosiopolitieke-ekonomiese konteks in gedagte. (Oorweeg ook die beskikbaarheid van tekste.)

#### 4. ARTIKULASIE MET AOO ('GET')

Die onderwyser wat Drama in Skeppende Kunste onderrig, moet seker maak dat leerders in graad 8 en 9 'n soliede fondasie in die konsepte, vaardighede, kennis en inhoud van Drama verkry. **Daar word voorgestel dat onderhoude en oudisies aan die einde van graad 9 gehou moet word om te verseker dat slegs leerders wat gedissiplineerd, hardwerkend, geïnteresseerd en toegewyd is en potensiaal het, vir VOO-Dramatiese Kunste gekies word.** Maak seker dat die klasverhouding vir graad 10, 11 en 12 volgens die Personnel Administrative Measures(PAM)-dokument se verhouding 1 : 12 is.

Indien Drama-klasse oorvol is, kan beserings plaasvind en die skool, onderwyser of skoolhoof aan litigasie blootstel.

#### 5. ROOSTER

Roosterbeplanning vir Dramatiese Kunste vereis 'n minimum van VIER uur per week gedurende skooltyd en EEN uur ná skool. Hierdie uur-verhouding is van toepassing op graad 10, 11 en 12 onderskeidelik. Bykomende tyd ná skoolure is noodsaaklik vir die voltooiing van die PAT'e, remediëring, verryking, repetisies, opvoerings en uitstappies om na toneelopvoerings te gaan kyk.

#### 6. BYLAES

Daar is 29 bylaes wat aan die einde van hierdie PAT gevind kan word:

- BYLAE 1: PAT 1: Dramatiese item 1: Monoloog– voorbeeld
- BYLAE 2: PAT 2: Dramatiese item 2: Dialoog – voorbeeld
- BYLAE 3: PAT 3: Dramatiese item 3: Vertelkuns – voorbeeld
- BYLAE 4: Temaprogram- of Oudisieprogram-voorbeeld en kriteria vir assessering
- BYLAE 5: Filmvervaardigingprogram-voorbeeld en kriteria vir assessering
- BYLAE 6: Ontwerpprogram-voorbeeld en kriteria vir assessering
- BYLAE 7: Verhoogbestuurprogram-voorbeeld en kriteria vir assessering
- BYLAE 8: Interne skool- en eksterne distriksmoderering-instrument vir die PAT'e
- BYLAE 9: Geskrewe Assessering-PAT: Rubriek en Standaardisering-kontrolelys vir die joernaal  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 10: Geskrewe Assessering-PAT: Rubriek en Standaardisering-kontrolelys vir die opstel  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 11: Geskrewe Assessering-PAT: Rubriek en Standaardisering-kontrolelys vir die navorsing  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 12: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die uittreksel/toneel  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 13: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die monoloog  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4



- BYLAE 14: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die beweging  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 15: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die gedig/poësie  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 16: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die Filmvervaardigingprogram  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 17: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die Ontwerpprogram  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 18: Opvoering-assessering-PAT: Rubriek vir die Verhoogbestuurprogram  
Verwys na die Dramatiese Kunste KABV, Aangepaste Hoofstuk 4
- BYLAE 19: DBE KABV: Dramatiese Kunste
- BYLAE 20: DBE KABV, Aangepaste Hoofstuk 4, Dramatiese Kunste
- BYLAE 21: DBE KABV: Jaarlikse Onderrigplanne (JOP/'ATP')
- BYLAE 22: DBE: Gehalteversekering van Skoolgebaseerde Assessering (SGA)  
(PAT ingesluit)
- BYLAE 23: Personnel Administrative Measures (PAM)
- BYLAE 24: SGA: Voorbeeld-boekie
- BYLAE 25: Bloom se Taksonomie
- BYLAE 26: Dave se Taksonomie
- BYLAE 27: *Nasionale Protokol vir Assessering, Graad R–12 ('National Protocol for Assessment, Grades R–12')*
- BYLAE 28: *Nasionale Beleid met Betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring, Graad R–12 ('National Policy Pertaining to the Programme and Promotion Requirements of the National Curriculum Statement, Grades R–12')*
- BYLAE 29: Kreatiwiteit

## 7. GEVOLGTREKKING

Ná voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

**BYLAE 1: PAT 1: DRAMATIESE ITEM 1: MONOLOOG – VOORBEELD**

**GENRE:** OOSTERSE TEATER  
**STYL:** NOH-TEATER  
**TITEL:** *THE RIVER OF CHERRY BLOSSOMS*  
**SKRYWER:** ZEAMI  
**KREDIET:** Noh Plays DataBase: Sakuragawa (The River of Cherry Blossoms) : Synopsis and Highlight (the-noh.com)

Noh Reciter

However, the moonlight coldly shines alone, winds blow in the high sky, and the crane does not come back. The flowers blooming on the shore shine redly in the water. The trees growing between rocks impart the hue of green to the winds.

The cherry blossoms in the mountain look like a gorgeous brocade. The gorge clutching the water in a warm embrace looks like indigo blue.

Its name is Sakuragawa, which resonates nostalgically. Sleeping under a tree, scooping the water of a river – it is said that these ties are all foreordained from your previous lives. Because of the name of the place I learned since I scooped its water, if I can end up meeting Sakurago, it surely must be a tie ordained in my other lives.

An ancient poem says, 'Across the years this water has been a mirror for the cherry blossoms – or perhaps the water thinks the scattering blossoms fogs it up.' Even though one may realise that these flowers eventually become dust after they fall, so fleeting is life that one doesn't realise one's own body is as fragile as a dream and thereby believes it happens only to flowers. For this reason we do not in the least suspect that these flowers falling in emptiness from the sky will become bubbles on the water – we are simply accustomed to love these flowers with familiarity.

Later there will be no escape, regardless of how oft one may repent. An ancient poem says, 'I envy the bush warbler playing and flirting with the cherry blossoms, although I know this lasts for but a few moments.' The human heart always appreciates something fragile, feeling pity for mists and grieving for dew drops.

The waves of the Sakuragawa River, to which I wandered so lost in thought, look like a wide beautiful belt. I shall not waste even a few of fallen flowers.

Winds, please avoid the cherry trees. Water, please don't cloud yourself, for in you are reflected the flowers. I enter the water and do not care that the bottom of my dress is wet. I shall dam the water which draws near to the flowers and make a cherry blossom river.



<https://www.shutterstock.com/search/cherry-blossom-river>

Die betekenis van die Kersiebloeisel in Japan


Sedert antieke tye word kersiebloeisels deur die Japannese gekoester. Die gehoor kan die diep emosies wat met hierdie blom geassosieer word, ten volle geniet deur die spesiale tegnieke eie aan die kuns van Noh.

Die Nasionale Parkdiens beskryf die simboliek van kersiebloeisels in Japan as soortgelyk aan 'die lewe van die samoerai – 'n kort ontploffing van kleur, helder vir die duur van hulle kort lewe, voordat hulle verwelk en sterf.' Met ander woorde, die lewensiklus van Sakura eggo hulle voorstelling van die kortstondigheid en broosheid van die lewe.

Hulle dien as 'n herinnering om elke oomblik wat ons het, te koester, aangesien hulle slegs vir 'n beperkte tydperk blom, wat vergelyk kan word met die vlugtige aard van die lewe. Die kersiebloeiselboom het ook 'n kortstondige lewensduur en dien as 'n simbool van verganklikheid.

Noh-teater

Die Basiese Kata (bewegingspatrone). Dit is die basiese postuur vir die Noh-kunstenaar. In die onderlyf is die knieë effens gebuig, wat die swaartepunt van die kunstenaar verlaag. In die bolyf is die arms effens gebuig, elmboë uit, en maak 'n soort sirkelvorm met die arms, en in die regterhand word 'n waaier vasgehou. Soos Westerse narratiewe drama. Eerder as om akteurs of 'verteenwoordigers' in die Westerse sin te wees, is Noh-kunstenaars bloot storievertellers wat hulle visuele voorkoms en bewegings gebruik om die essensie van hulle verhaal voor te stel eerder as om dit uit te voer.



<https://www.shutterstock.com/image-photo/beautiful-pink-cherry-trees-blooming-extravagantly-1706024437>



[https://www.the-noh.com/en/plays/data/program\\_039.html](https://www.the-noh.com/en/plays/data/program_039.html)

**BYLAE 2: PAT 2: DRAMATIESE ITEM 2: DIALOOG – VOORBEELD**

**GENRE:** COMEDIA DELL' ARTE  
**ITEM:** DIALOOG  
**TITEL:** *THE BARBER OF SEVILLE*  
**SKRYWER:** PIERRE-AUGUSTIN CARONDE BEAUMARCHAIS  
**KREDIET:** [https://en.wikipedia.org/wiki/the\\_barber\\_of\\_seville\\_%281904\\_film%29](https://en.wikipedia.org/wiki/the_barber_of_seville_%281904_film%29)

Camillo, a young man in love; Giovan Farina, his servant.

CAM. Giovan Farina, dear friend, long have I held you in high esteem, deeming you a paragon of loyalty and trustworthiness. It is with a heavy heart that I now beseech you, burdened as I am by an incessant worry that plagues my very being, robbing me of respite both day and night. This affliction, like a relentless spectre, ensnares my every thought and leaves me bereft of peace. Oh, how I long to unburden my soul, to confide in you, and find solace in your steadfast companionship. Pray, lend me your ear and share the weight of my restless heart.

G.FA. Spill your guts, boss, an' I swear on my life I'll keep my lips locked tight as a vault.

CAM. Long ago in the annals of time, my heart succumbed to an all-consuming passion for the enchanting Signora Lavinia, who is wedded to the esteemed Messer Pantalone de i Grandi. However, I have never had the opportunity to speak to her and lay bare the depths of my adoration. Tormented and adrift, I find myself at a crossroads, uncertain of the course I should embark upon. It is in this moment of desperation that I implore you, dear friend, to aid me in this endeavour. Let your resourcefulness and ingenuity pave the way for me to pursue this love that burns within my very soul. I promise you, beyond the obligation you have to me, a generous reward.

G.FA. You sure 'bout this, boss?

CAM. Oh, dear Giovan Farina, I beseech you with all the fervour within my anguished soul, do not let me down in this moment of utmost desperation. If you don't help me, I believe my days will be short-lived.

G.FA. Chill, man. I got this, I'm tellin' you. Now go hit the piazza and do your thing. When you come back, your wishes will be granted, and we'll be sittin' pretty.


CAM. Delay not, for my heart can ill afford the weight of further anticipation. Go forth, dear friend, and may the winds of fate be at your back as you embark on this critical mission.

G.FA. I'm on it, boss.

CAM. With urgency in your stride, fulfil this quest, and bring me tidings that shall either kindle the fires of hope or extinguish them altogether. [Exit G. Farina.]

Should Giovan Farina fulfil his pledged assistance in this endeavour of love, I shall deem myself the most fortunate and blissful soul to have ever walked this earth. Yet should he fail to honour his commitment, I am all too certain that the curtains shall swiftly fall upon my fleeting mortal coil. However, in this very moment, a figure approaches. Could it be none other than Signora Lavinia's husband, Messer Pantalone himself? I must hastily withdraw, ensuring that my presence remains concealed from his watchful gaze. It would be unwise to invite his suspicion or ignite the fires of jealousy that may lay dormant within his heart. Thus, I retreat, with heavy steps, into the shadows, longing for a day when destiny may smile upon my star-crossed love, granting us the freedom to bask in its radiant light.

**LET WEL:** Die visuele beelde word nie vir die PAT vereis nie. Dit word slegs ingesluit om 'n visuele idee van die inhoud van die dramatiese item te gee.
